

Lewe as mense van die lig

'n Mens sê so maklik jy is 'n Christen, maar sal jou lewe dit bevestig? Net soos gister is ons fokus "God is lig, en daar is geen duisternis in Hom nie". Volgens die Bybel is lig die simbool van alles wat waar, reg, skoon en heilig is (Ef 5:9). Duisternis is weer die simbool van alles wat sondig, boos en vuil is (Ef 4:18). As ons teks dan sê dat God lig is, dan beteken dit dat Hy die Bron van alles is wat rein en heilig is. En waar God is, kan geen duisternis wees nie, want lig verdryf die duisternis. En nou het Christus, as die Lig vir die wêreld, juis gekom om sondaarmense van die mag van die duisternis na die lig oor te bring. En deur die werking van die Gees wat geloof in ons wek, het ons ook binne die ligkring van God se genade gekom. Daarom moet ons ook leef as mense van die lig. Johannes stel dit baie skerp: "As ons sê dat ons met Hom gemeenskap het en in die duisternis wandel, dan lieg ons en doen nie die waarheid nie" (1:6).

Hoe lyk die lewe van iemand wat in die lig lewe? Volgens ons Skrifgedeelte is dit iemand wat die wet uit dankbaarheid gehoorsaam, want iemand wat sê hy ken God, maar nie sy gebooië gehoorsaam nie, is 'n leuenaar, want dan weerspreek jou dae jou woorde (2:3-5). Dit is ook iemand wat daarna streef om te lewe soos Christus gelewe het (2:6). Die derde kenmerk van 'n lewe in die lig is die liefde. In 2:10-11 lees ons: "Wie sy broer liefhet, bly in die lig ... maar wie sy broer haat, is in die duisternis en lewe in die duisternis." Iemand wat in die lig wandel kan ook nie die sondige wêreld en die dinge van hierdie wêreld liefhê nie. En dan gaan Johannes so ver om te sê dat as iemand die wêreld met sy wêreldse dinge liefhet, is God se liefde nie in hom nie (2:15-17). 'n Vyfde kenmerk van so 'n lewe is dat jy jou nie deur allerhande dwalinge laat verlei nie, maar die waarheid liefhet en Christus as Here ken en erken (2:18-26).

So bring hierdie gedeelte ons om na ons eie lewe te kyk, en sal jou lewe 'n bevestiging wees van jou woorde? Omdat God lig is, word die kind van die Here ook geroep om in die lig te lewe.

Sing: Psalm 89:6, 8 (1936)

Ds PC van Rooy (Komatipoort)